

Die sensusopnames (OP35)

Num 1:1-46, 26:1-4, 51

11 April 2021

In die vorige preek het ons begin om na die boek Numeri te kyk. Ons het gesien dat die boek begin met die stelling “Die Here het gepraat...”. En dat hierdie stelling meer as 150 keer in die boek na vore kom. Duidelik is God aan die werk en aan die woord in die boek. Ons het gesien die boek kan in 3 dele verdeel word: (1) Gebeure by Sinai (2) Gebeure tydens die woestyntog, en (3) Gebeure op die Moabsvlakte, kort voor die volk die beloofde land sou intrek. Ons het ook uit 1 Kor 10 gesien dat boeke soos Numeri opgeskryf is as voorbeelde en waarskuwings vir ons wat in die laaste dae leef – en daarom is dit nodig dat ons ook hierdie boek met erns moet bestudeer.

Vandag wil ek stilstaan by die sensusopnames wat in Numeri beskryf word. Die eerste sensusopname word in Num 1 beskryf, en gebeur 13 maande nadat die volk uit Egipte weggetrek het, terwyl hulle nog by die berg Sinai was. Die tweede sensusopname word in Num 26 beskryf, en volgens Num 26:4 vind dit plaas op die Moabsvlakte, d.w.s. kort voor die volk bykans 38 jaar later die beloofde land intrek. Ons gaan grotendeels na die eerste sensusopname kyk, en dan kortliks kyk na hoe die resultaat van die eerste sensusopname vergelyk met die resultaat van die tweede sensusopname.

Die opdrag vir die eerste sensusopname (Num 1:1-16)

Die eerste belangrike aspek om raak te sien is dat die opdrag vir hierdie sensusopname direk van God afkom – Num 1:2. Die opdrag vir hierdie sensusopname word aan Moses gegee, maar dit is ook duidelik uit vers 2, dat Aäron Moses moes help. Die verantwoordelikheid was sekerlik primêr by Moses, maar Aäron moes help. Maar daar was selfs meer hulp as dit nodig, want ons sal netnou sien dat die volk het intussen ‘n groot volk geword. Daar moes ‘n leier uit elke stam wees wat hulle bygestaan het met hierdie taak (Num 1:4). Let op: hierdie leiers is nie verkies nie – nee, God het self die name vir Moses gegee. Vers 5-16 beskryf vir ons die detail van die twaalf persone uit elk van die twaalf stamme wat moes help. Kan ek twee opmerkings oor hierdie manne maak:

- Aan die een kant is hulle vir ons onbekend. Maar dit is tog nuttig om daarop te let dat ons hulle nog verskeie kere in Numeri gaan raakloop: In hoofstuk 2 is dit dieselfde name wat gelys word as die detail van die kamp beskryf word, in hoofstuk 7 is dit hierdie manne wat namens hulle stamme offergawes bring, en in hoofstuk 10 lees ons weer van hulle as die detail van die volk se vertrek vanaf Sinai beskryf word. Hulle was dus deur God aangestel vir meer as net die sensusopname.
- Alhoewel die name vir ons onbekend is, is die meeste kommentatore daaroor eenstemmig dat (ten minste meeste van) hierdie name teofories is, m.a.w. hulle bevat God se naam. Kan ek ‘n paar voorbeelde noem:
 - Elisur – My God is ‘n rots
 - Selumiël – My vrede is God
 - Netanel – God het gegee
 - Eliab – My God is Vader
 - Elisama – My God het gehoor
 - Gamliël – Loon van God
 - Abidan – My Vader is regter
 - Agiëser – My Broer/God is hulp
 - Pagiël – Deur God ontmoet

- Eljasaf – God het bygevoeg

Dit moes tog vir die volk bemoedigend wees as die leiers wat God vir hulle aanwys, name het wat God se bemoeienis met hulle beskryf.

Kom ons kyk nou in meer detail na die opdrag self – vers 2-3 beskryf dit. Ons lees hier dat hulle die Israeliete man vir man moes tel. Elke manlike persoon van 20 jaar en ouer moes getel word – elkeen. Dit is net die mans wat getel is. Ons moet verstaan dat die vrouens en kinders ondergeskik was aan hulle mans en pa's – dit was tog God se orde vir die gesin van die begin af. Ons kry hier (onder andere) die indruk dat op die ouderdom van 20 is 'n persoon gesien as volwasse – van dan dra hy self die verantwoordelikheid vir homself en ook sy gesin. Ons lees verder dat hulle getel moes word volgens afkoms en familie. Daar was dus orde. Elke persoon wie se naam neergeskryf is, het 'n spesifieke plek gehad waar hy inpas. Hy was deel van 'n sekere afkoms, die soveelste nageslag van sy voorsate en deel van 'n spesifieke familie. Boonop is hulle ingedeel in leërafdelings. Sy herkoms asook sy toekomstige rol het sy posisie bepaal. Elkeen het sy presiese plek gehad – 'n plek van herkoms en 'n plek vir 'n toekomstige rol.

Boonop lees ons dat dit alles neergeskryf is. Die uitkoms van hierdie sensusopnames is dus 'n dokument, 'n boek, met die name van elke manspersoon bo 20 jaar ingedeel volgens afkoms en familie, en volgens leërafdelings.

Wat was die doel met die sensusopname? Daar kan verskillende doelwitte wees met sensusopnames. Dit kan byvoorbeeld gebruik word vir politieke doeleindes, of selfs om belastingsinkomste vir die owerhede mee te bepaal. Maar in hierdie geval is die doel hoofsaaklik militêr van aard. Hoekom was hierdie fokus op militêre sterkte en struktuur juis op hierdie punt van die geskiedenis so belangrik? Wel, hulle was op die punt om te vertrek na die beloofde land om dit te gaan inneem. En die trek van Sinai af na Kades Barnea, op die grens van die beloofde land, neem tipies elf dae (Deut 1:2). Dit gaan 'n militêre stryd wees om die beloofde land in te neem. Hierdie sensusopname sal help om hulle gereed te kry vir hierdie stryd. Dit het implikasies gehad vir die volgorde waarin hulle getrek het van Sinai af, en natuurlik ook vir elkeen se rol wanneer hulle die land inneem. Ons sal netnou uit die resultate van die sensus sien dat die volk 'n groot volk is, en die sensusopname moes boonop help om hulle te bemoedig vir hierdie komende stryd.

Resultate van die sensusopnames (Num 1:20-46, Num 26:1-51)

Die resultate van die eerste sensusopname word vir ons gegee in Num 1:20-46. Twee verse word gewy aan elk van die twaalf stamme (OAV, NAV het dit verkort). Die struktuur van elk van die twee verse is dieselfde: In elke geval word die naam van die stam gegee, gevolg deur wie getel is (volgens geslagte en families, man vir man, van 20 jaar en ouer, wat geskik was vir militêre diens), dan word die naam van die stam herhaal, en die totaal van mans wat in die stam getel is, word gegee. Die groter van die stamme wissel: Juda is die grootste met 'n totaal van 74 600, en Manasse is die kleinste met 'n totaal van 32 200. Wat opvallend is, is dat al die getalle oënskynlik afgerond is tot die naaste 100 of 50 (in die geval van Gad). Daar word gespekuleer dat dit toegeskryf kan word aan die feit dat die leërafdelings tipies ingedeel is in groepe van 1000, 100, 50 en 10.

In verse 45-46 word die groot-totaal van al twaalf die stamme vir ons gegee: 603 550. Jy kan die berekenings gaan doen en die totaal van al twaalf stamme optel, en die totaal is 603 550. Let op, soos wat ons later sal sien, sluit hierdie totaal nie die Leviëte in nie – sien vers 47. Onthou verder dat hierdie net die mans is van 20 en ouer. Die volk as geheel moes heelwat groter gewees het as die vrouens en kinders ook bygetel word. Daar kan met veiligheid aanvaar word dat die volk in totaal ten minste twee miljoen, of selfs meer, was.

Kom ons probeer 'n gevoel kry vir hierdie getalle. Onthou die volk was ongeveer 400 jaar in Egipte. Volgens Eks 1:5 het Jakob 70 afstammelinge gehad toe hy destyds Egipte toe getrek het. Oor die loop van die 400 jaar het die volk dus gegroei van 70 tot meer as 2 miljoen mense! Dit is astronomies! En dit is net hier waar baie mense vassteek en sê dit is onmoontlik. Sodra jy oor Numeri begin lees, sien jy hier is 'n groot debat aan die gang – hoe is dit moontlik? Baie kommentatore eindig doodeenvoudig by die punt waar hulle sê hulle kan nie die getalle glo nie. Argumente wat aangevoer word is die volgende:

- Dink net aan die logistieke implikasies om meer as twee miljoen mense aan die lewe te hou in 'n woestyn. Ja, God gee wonderbaarlik kos en water, maar vir meer as twee miljoen mense?
- Dink aan meer as twee miljoen mense wat in 1 nag deur die Rooi See moes trek!
- Dink aan twee miljoen mense wat oor die loop van die volgende 38 jaar in die woestyn begrawe moet word!
- Dink aan die land Israel – dis 'n relatief klein land. Opgrawings dui daarop dat daar nie naastebly genoeg woonplek sou wees in die dorpe en stede nie. Die geskatte bevolking van die land Israel einde 2020 was maar 9.3 miljoen.
- Dit sou beteken dat Israel waarskynlik een van die grootste volke was in die destydse wêreld.
- Boonop is daar tekste soos Deut 7:7 wat sê dat God nie Israel gekies het oor sy groter was as die ander volke nie, trouens sy was die kleinste van almal.
- En dan is daar Num 3:43 wat sê die aantal eersgebore seuns was 22 273. Dit beteken as daar 603 550 mans was dat net een uit 27 mans eersgeborenes was – dus elke vrou moes gemiddeld 27 seuns gehad het, en ons praat nog nie eens van die dogters nie!

Verskeie pogings tot oplossings is al aangebied om hierdie vraagstuk aan te spreek:

- Daar kon foute ingesluit het met die oorskryf vanaf die oorspronklike grondteks. Maar volgens kenners is daar baie min aanduidings dat daar enige probleme is met die manuskripte wat ons wel het.
- Daar word dikwels geredeneer dat die term “duisend” ook 'n ander betekenis kan hê, byvoorbeeld “groepe”. Dit sou beteken dat Juda i.p.v. 74 600 mans 74 groepe plus 600 mans gehad het, en die groepe hoef dan nie 1000 te wees nie. Die probleem met hierdie benaderings is dat die totaal wat in vers 46 gegee word, dan verkeerd moet wees.
- Daar is al geredeneer die betekenis van die getalle is simbolies. Byvoorbeeld volgens gematriese beginsels sou die numeriese waarde van die uitdrukking “kinders van Israel” 603 wees, en dus is dit die betekenis van die totaal 603 550. Maar hoe verklaar jy dan die 550?
- Ek lees een kommentaar wat redeneer ons moet elke getal met 10 deel. Die getalle is doelbewus met 10 gemaak – glo as “exaggeration for the sake of effect”. Ek sluk swaar.

Na ek alles gelees het, is my gevolgtrekking die beste antwoord is om die syfers letterlik te neem soos wat dit daar staan. My redes hiervoor is die volgende:

- Hierdie is geskiedenis beskrywing. Daarom is dit anders as om getalle in eskatologiese boeke soos Openbaring te interpreteer. In narratiewe het getalle tipies hulle letterlike betekenis.
- As die getalle in hoofstuk 1 onakkuraat is of as jy begin om ander betekenis daaraan te gee, moet jy onthou dat die getalle elders in die Bybel ook genoem word. In Num 2 word die detail van die sensusopname herhaal – en presies dieselfde waardes word vir elke stam gegee. Eks 12:37 sê dat die aantal Israeliete wat uit Egipte getrek het ongeveer 600 000 weerbare manne was, en in Eks 38:26 word die totaal ook gegee as 603 550.

Onthou jy God se belofte aan Abraham in Gen 15:5 dat sy nageslag so groot sal wees as die sterre aan die hemel? Onthou jy die Egiptiese koning in Eks 1:8 wat erken het die Israëliete was meer en sterker as die Egiptenare? Sien, God het 'n groot nageslag aan Abraham beloof. Oor 400 jaar groei hulle van 70 tot meer as twee miljoen, meer as die Egiptenaars, soveel so dat die Egiptenaars bang word. Hulle groei tot so 'n mate dat selfs vandag, meer as 3 000 jaar later, niemand kan glo dit was waar nie. En Numeri vertel vir ons in 'n gedetailleerde sensusverslag hulle was 603 550 weerbare mans!

Vergelyk nou hierdie resultaat met die situasie 38 jaar later as hulle op die Moabsvlakte is en 'n tweede sensusopname word gehou. Lees Num 26:51. Die totaal is nou: 601 730. Oor 400 jaar groei hulle van 70 na 603 550 mans, en oor die volgende bykans 40 jaar vind geen groei plaas nie, trouens hulle krimp ietwat na 601 730. Hoe moet ons dit verstaan?

Implikasies

Onthou nou 1 Kor 10 wat ons leer hierdie dinge is opgeskryf as voorbeelde en waarskuwings vir ons. Wat beteken dit alles vir ons? Ek is oortuig hierdie sensusresultate is belangrik. Immers is dit die detail waarmee die boek Numeri begin. En dan herhaal hoofstuk 2 die detail. En in Num 26 volg die detail van 'n tweede sensus. En dit alles in 'n boek waar God meer as 150 keer praat. Duidelik wil God ons iets leer:

1. Ons leer baie van God: Ons leer God werk ordelik. Hy gee die opdrag vir die sensusopnames. Hy gee ook die struktuur waarvolgens dit opgeteken moet word. Boonop werk God in detail. Elke man van 20 en ouer se naam moet op die regte plek ingeskryf word. God werk doelgerig. Die herkoms van elke persoon is belangrik, maar ook sy rol in die stryd wat op hande is. God werk pro-aktief. Dis alreeds by Sinai wat Hy hulle voorberei vir die komende stryd. God werk deur mense. Hulle gaan aktief deelneem aan die inname van die beloofde land. God werk in lyn met Sy beloftes. Hy wys vir hulle hoe ver Hy al gevorder het met Sy belofte aan Abraham rakende 'n groot nageslag, sodat hulle kan moed skep vir die stryd om die beloofde land, wat die ander deel van Sy belofte aan Abraham was, met vertroue kan inneem.

In die Nuwe Testament werk God nie anders nie: Hy werk ordelik. Hy wil dat elke gelowige hom/haar by 'n gemeente moet voeg. Gemeentes moet goeie orde hou in terme van wie aan hulle behoort. Hy werk in detail en doelgerig in die gemeentes. Hy leer ons dat die kerk die liggaam van Christus is waar elke lid 'n spesifieke rol het. Ja, elkeen kom met 'n sekere persoonlike geskiedenis, maar wanneer hulle deel is van die liggaam, het hulle elkeen 'n plek om te vul. Hy berei hulle ook pro-aktief voor. Hy gee vir hulle 'n gemeente waar hulle gevoed en toegerus kan word vir die komende stryd. Dink maar aan die briewe aan die sewe gemeentes in Openbaring – voorbereiding vir die stryd. Elke gelowige gaan deelneem aan hierdie stryd, en elkeen het 'n rol om te vervul. God berei hulle voor, sodat hulle toegerus kan wees vir elke goeie werk. Hy tree steeds op in lyn met Sy beloftes. Hy herinner hulle deur die Woord dat Hy reeds Sy Seun gestuur het, dat Hy reeds die Heilige Gees gestuur het – soos wat Hy beloof het, om hulle sodoende te bemoedig vir die stryd wat op hulle wag in hierdie lewe op pad na die ewige heerlijkheid. Soos wat God destyds met die volk gewerk het, is dit 'n voorbeeld vir ons van hoe God nou werk met die wat Hom dien.

2. Hierdie geskrif met die detail van die sensusresultate is 'n tipe van die boek van die lewe. Hierdie geskrif bevat die detail van elke persoon se herkoms en rol. In Eks 32:32-33 lees ons hoe Moses vir die volk intree na die goue kalf insident. Hy pleit dat God hulle sal vergewe en

sy eie naam uit God se boek sal vee, maar God sê egter Hy sal net die name uit die boek vee wat teen Hom gesondig het. Wel, dit is wat in Numeri gebeur. In die eerste sensusopname is daar 603 550 name neergeskryf in die boek. In die tweede sensusopname is daar 601 730 name neergeskryf – maar daar is net twee name wat in albei boeke verskyn – die van Josua en Kaleb. Boonop het daardie dramatiese groei oor die vorige 400 jaar skielik tot stilstand gekom! Wat het tussen in gebeur? Die volk het geweier om die beloofde land in te neem. Hulle het geweier om die rol wat God aan hulle elkeen toegeken het, te vervul. Die gevolg was, God vee hulle name uit, en skryf nuwe name in. Let op, Hy gaan steeds met Sy volk van 600 000 plus manne die beloofde land in – maar dis met ander name as wat van Sinai af weggetrek het.

Hier is 'n ernstige waarskuwing vir ons! Onthou jy hoe Paulus die Korintiërs gewaarsku het dat hulle hulle moet inspan om die oorwinnaarskroon te behaal? Onthou jy hoe hy hulle waarsku dat die een wat meen dat hy staan, nie moet val nie (1 Kor 10:12)? Onthou jy hoe Paulus vir Timoteus sê in die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan (1 Tim 6:12)? Onthou jy hoe die Hebreërskrywer in Heb 4 praat oor die beter rus wat gelowiges verwag as die rus wat die volk in die beloofde land ontvang het, maar dan terselfdertyd hulle ernstig waarsku met die woorde: “Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie” (Heb 4:11)?

Nou kan jy vir my sê: Op 3:5 sê tog dat God nooit iemand se naam uit die boek van die lewe sal vee nie. Wel, lees mooi wat daar staan: Elkeen wat die oorwinning behaal se naam sal nooit uit die boek van die lewe gevee word nie! Die meeste Israeliete was tevrede hulle name was opgeskryf. Maar toe dit by die punt kom dat hulle tot die stryd moes toetree om die beloofde land in te neem, toe weier hulle. En toe word hulle plekke gevul met die volgende geslag en God bereik steeds Sy doel deurdat Sy volk in die beloofde land eindig, maar hulle lyke bly in die woestyn agter. Hulle onwilligheid het hoogstens die inneem van die land vertraag, maar het dit nie bedreig nie. En dit is die ernstige waarskuwing van Numeri, 1 Kor 10, 1 Tim 6 en Heb 4 aan ons: Span jou in! Maak seker jy staan! Beywer jou om in daardie rus in te gaan! Dit is wat die volk nie wou doen nie – hulle wou nie tot die stryd vir die beloofde land toetree nie. En as jy nie tot die stryd toetree vir die realisering van God se koninkryk nie, beteken dit jy span jou nie in nie, jy maak nie seker nie, jy beywer jou nie. Dit beteken jy gaan nie die oorwinningsprys behaal nie. Dit beteken jou naam is nie in die boek van die lewe nie. Dit beteken jy gaan in die vuurpoel eindig (Op 20:15). Dit beteken nie dat God se koninkryk nie sal realiseer nie. Dit beteken net jy gaan nie deel daarvan wees nie.

Ek weet Heb 11 sê dat Moses en selfs van die Israeliete het wel ingegaan. Maar wat daar in die woestyn gebeur het, is 'n ernstige waarskuwing aan ons. Kan ek jou vra: Neem jy aktief en doelbewus deel aan die stryd vir die realisering van God se koninkryk? Weet jy presies wat jou rol is? Of vertrou jy daarop dat jou naam iewers op 'n lidmaatregister geskryf is, en intussen gaan die stryd by jou verby? Of kyk jy bloot hoe ander die stryd voer? Numeri se sensusopnames wys ons dat daar verskille is tussen lidmaatskapregisters en die boek van die lewe. Kom: Span jou in! Maak seker! Beywer jou! Sodat dit nie later blyk jy het agtergebly nie (Heb 4:1), of nie gekwalifiseer nie (1 Kor 9:27)!